Newsletter September 2012 Highveld Nguni Club

Pretoria Lente Skou 2012

Die Pretoria landbou skou "Die Lente Skou" was aangebied gedurende die eerste week van September en daar word voorsien dat hierdie skou n jaarlikse instelling op die landbou kalender sal word. Die behoefte aan n landbou skou, in die Hoeveld en Noordelike gebied, is met hierdie skou beklemtoon.

Ons is baie trots dat die Nguni beesras dan ook hier verteenwoordig was. Die diere hier vertoon was van uitstaande gehalte. Die uitstalling was goed voorberei, inligting aangaande die Nguni beesras was beskikbaar en versprei asook Nguni velle en produkte was te koop aangebied.

Baie dankie aan Marli en Freddie Stegman vir die diere deur hulle verskaf. Hulle kan voorwaar trots wees op die kwaliteit hier ten toon gestel. Dankie ook aan Marli vir die behartiging van die uitstalling.

Baie dankie aan Stian van As vir maandelange onderhandelings en reelings om hierdie uitstalling te bewerkstellig asook vir tyd bestee met die behartiging van die uitstalling.

Baie dankie aan almal wat hul tyd beskikbaar gestel het met die bemanning van die uitstalling. In hierdie opsig bedank ons graag Henning en Nerine Radley, Chris van der Merwe, Paul van Jaarsveld, Gareth Boulder en Herman Nel.

Dankie aan Stefan Fourie en Riaan Beukes wat ook hulp aangebied het.

Visit to Abundant Herds Paintings And Gallery

A visit has been arranged to the Gallery at Brenthurst Gardens, the home of Mr. and Mrs. Oppenheimer, to view their collection of Nguni art and the Abundant Herds paintings by Leigh Voigt. This visit has been arranged for 8 October 2012 at 9h30 and will include a tour of the gardens. A donation of R50.00 per person attending, to "Little Eden Society for the Care of Persons with Mental Handicaps", is required. Please contact Herman Nel at 082 574 7533 a.s.a.p as only a limited number of people can be accommodated.

Nguni Aanteel Veiling

Onderhewig aan voldoende inskrywings word hierdie kommersiele Nguni veiling weereens beplan vir die 6de November by Frankfort.

Daar is geen vereistes of beperkings vir inskrywings nie en dit is ook nie beperk tot klub lede nie. Vir beplannings doeleindes versoek ons egter voornemende verkopers om Corjan de Jager by 079 506 8777 of Herman Nel by 082 574 7533 so spoedig moontlik van inskrywings in kennis te stel.